Mediaverklaring
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
22 Oktober 2008

Nuwe vereniging laat kollig val op tersaaklikheid van die spaar- en beleggingsbedryf

Die nuwe Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) se doelwit is om 'n integrale rol te speel in die verwesenliking van 'n groter spaarkultuur in Suid-Afrika deur as 'n verenigde instansie te verseker dat finansiële dienste meer relevant vir die verbruiker is.

Volgens mnr. Leon Campher, uitvoerende hoof van ASISA, geniet die verwesenliking van 'n spaarkultuur in Suid-Afrika nou hoër voorrang as ooit in die verlede.

"Die eenheid in ons bedrywe stel ons nou in staat om gesamentlik uit een mond 'n groter verskil te maak. ASISA sal 'n aktiewe deelnemer wees in die skepping van 'n omgewing wat deur middel van holistiese wetgewing gelyke geleenthede vir sy lede bevorder. Terselfdertyd sal na die belange van die verbruikers omgesien word. ASISA sal ook volhoubaarheid verseker van die bedrywe wat ons verteenwoordig en die tussengangers wat ons ondersteun."

Die nuwe vereniging is amptelik begin vandeesmaand van stapel laat loop. Dit verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, kollektiewe beleggingskema-bestuursmaatskappye, verskaffers van gekoppelde beleggingsdienste, multi-bestuurders en versekeringsmaatskappye.

ASISA is vroeër vanjaar tot stand gebring deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingsbestuurdersvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Vereniging van Gekoppelde Diensverskaffers (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA). Dié vier verenigings is ontbind en personeellede en bates is na ASISA oorgeplaas.

Hoekom 'n enkele vereniging?

Volgens Campher was daar in die verlede vier verenigings wat bedrywe met een gemeenskaplike doel, die verskaffing van spaar- en beleggingsopsies aan verbruikers, verteenwoordig het.

Hy sê dié situasie het daartoe gelei dat reguleerders en beleidbepalers met vier verskillende verteenwoordigende groepe moes skakel, dikwels oor kwessies van gemeenskaplike belang.

"Met ASISA het ons aan die regering se versoek voldoen vir die stigting van 'n enkele vereniging vir die bespreking van beleidskwessies," sê Campher.

Die lede van die vier verenigings het ook gedragskodes onderskryf. Maatskappye het egter dikwels aan meer as een vereniging behoort. Verskillende gedragskodes het dus vir sulke maatskappye gegeld.

Volgens Campher was dié duplisering van werk in niemand, veral nie die verbruiker nie, se belang nie.

"As 'n verenigde bedryf is ons nou in staat om gesonde mededinging tussen maatskappye te bevorder deur die kollig te laat val op kwessies soos die verwesenliking van betekenisvolle openbaarmaking, pleks daarvan om produkte teen mekaar van stapel te stuur sonder om verbruikers in staat te stel om die beste produk te kies."

Volgens Campher is een van die nuwe vereniging se eerste take die verbetering van openbaarmaking in die bedryf. Dit sal bewerkstellig word deur produkte meer vergelykbaar te maak wat koste teen voordele betref.

Die ASISA-struktuur

ASISA-lidmaatskap is slegs op korporatiewe vlak beskikbaar en nie op filiaalmaatskappyvlak nie. Daarby kan lede net deur hul mees senior verteenwoordigers in die ASISA-direksie verteenwoordig word.

Volgens Campher sal die samestelling van die ASISA-direksie en die stemregte van lede 'n nuwe manier van beheer en leiding in die finansiële dienste-bedryf tot gevolg hê.

Hy sê 'n lidmaatskappy mag slegs in die direksie verteenwoordig word indien die mees senior verteenwoordiger van daardie maatskappy daartoe verbind is om persoonlik direksievergaderings by te woon.

"Die doelwit is om te verseker dat die toekoms van die finansiële dienste-bedryf deur strategiese denke op hoë vlak uitgewerk word, en nie deur produkgerigte agendas nie. Dit is die rede vir die besluit om ASISA-direksielede nie toe te laat om plaasvervangers aan te wys nie."

Die besluit sal ASISA in staat stel om besluite te neem wat die uitwerking op die belegger se totale beleggingsmandjie in aanmerking sal neem, ongeag van die beleggings waaruit die portefeulje bestaan.

ASISA se eerste stap om 'n gelyke speelveld in die finansiële dienste-bedryf te skep, is die instelling van die beginsel van een lid, een stem. Volgens Campher sal lede dus nie in staat wees om per effektetrust of lewenslisensie te stem nie.

"Die groot konglomerate sal vir die eerste keer oor dieselfde stem as 'n klein onafhanklike maatskappy beskik," verduidelik Campher. "Dit behoort alle bekommernisse uit die weg te ruim dat 'n kartel in ASISA skuil."

Hy sê ook dat die huidige samestelling van die direksie daartoe lei dat die groot vier lewensmaatskappye vir die eerste keer in 'n gesamentlike forum nou saam met die groot vier onafhanklike batebestuurders sal werk.

Die ASISA-direksie

Volgens Campher is die meeste van die direksielede die hoofde van die maatskappye wat deur die vier verenigings gemagtig is om te werk aan die instelling van 'n nuwe verenigde vereniging. Hulle is:

Bruce Hemphill – HUB van Liberty
EB Nieuwoudt – BD van Momentum Group
Frank Cadiz – BD van Cadiz African Harvest Batebestuurders
Fred Robertson – Voorsitter van Lion of Africa-lewensversekeringsmaatskappy
Graham Mason – HUB van Prudential Portefeuljebestuurders Suid-Afrika
Greg Fury – HUB van Allan Gray
Herschel Mayers – HUB van Discovery Life
Hugo Nelson – HUB van Coronation Fondsbestuurders
John Green – BD van Investec Batebestuurders Suid-Afrika
Johan van Zyl – HUB van Sanlam (voorsitter)
Leon Campher – HUB van ASISA
Paul Hanratty – BD van Ou Mutual (SA)
Shaheen Ebrahim – Voorsitter van Oasis Group
Tebogo Naledi – HUB van Renaissance Batebestuurders
Wilhelm van Zyl – HUB van Metropolitan Life

Die lede sal tot einde 2009 in die direksie aanbly om toesig te hou oor die implementering van die nuwe vereniging. 'n Nominasieproses sal daarna van stapel gestuur word.

Agtergrond

Die ACI en IMASA het net meer as twee jaar gelede ondersoek begin instel na die stigting van 'n nuwe vereniging wat die aktiwiteite van albei verenigings kon insluit.

In Junie 2006 het die borglede van die twee verenigings verteenwoordigers op 'n feitesending gestuur om die werking van soortgelyke geïntegreerde handelsverenigings in die VK en Australië te ondersoek.

Na die afhandeling van die feitesending het die direksies van die ACI en IMASA 'n gesamentlike komitee in die lewe geroep met die opdrag om 'n voorstel oor die stigting van 'n nuwe vereniging ter tafel te lê. LISPA het in daardie stadium versoek om by die proses ingesluit te word.

Die gesamentlike komitee het 'n beginseldokument opgestel wat deur die direksies van die betrokke verenigings goedgekeur is.

Die LOA is by die proses betrek toe die hoofde van verskeie van die groot verskaffers van finansiële dienste versoek het dat die nuwe vereniging ook hul risikobesigheid moet inkorporeer.

Mnr. Richard Gilbert, uitvoerende hoof van die Australiese Investment and Financial Services Association (IFSA), is na Suid-Afrika genooi om indiepte-voorligting te verskaf oor hoe IFSA gestig is. IFSA verteenwoordig risiko- én beleggingsbesigheid.

Gilbert het Kaapstad in Januarie verlede jaar besoek. Hy het indiepte-voorligting oor die stigting van IFSA verskaf en uitgewei oor hoe die verskillende besighede ingesluit is en hoe na hulle omgesien word. 'n Suid-Afrikaanse afvaardiging is ook gestuur om IFSA in Australië te besoek.

Die lede van die ACI, IMASA, LISPA en die LOA het vroeër vanjaar ten gunste van ontbinding en die stigting van 'n nuwe vereniging gestem.

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:
Leon Campher
Uitvoerende Hoof
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
021 673 1620

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, kollektiewe beleggingskema-bestuursmaatskappye, verskaffers van gekoppelde beleggingsdienste, multi-bestuurders en versekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingsbestuurdersvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Vereniging van Gekoppelde Diensverskaffers (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA).